



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

NOVEMBER 2010

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 22 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.
3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Gedigte (30)
AFDELING B: Prosa (25)
AFDELING C: Drama (25)
4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
5. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: ongeveer 40 minute
AFDELING B: ongeveer 55 minute
AFDELING C: ongeveer 55 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: GEDIGTE		
Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.		
VRAAGNOMMER	VRAAG	BLADSY
1. Twee kleuters in die Vondelpark	Opstelvraag	5
2. Man met flits	Kontekstuele vraag	6
3. Herinneringe	Kontekstuele vraag	7
4. Skoppensboer	Kontekstuele vraag	8
EN		
Ongesiene gedig: Beantwoord EEN vraag.		
5. Skryfwerk	Opstelvraag	10
OF		
6. Skryfwerk	Kontekstuele vraag	11
AFDELING B: ROMAN		
Beantwoord EEN vraag.		
7. <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i>	Opstelvraag	12
OF		
8. <i>Die kwart-voor-sewe-lilie</i>	Kontekstuele vraag	13
9. <i>Manaka Plek van die Horings</i>	Opstelvraag	14
OF		
10. <i>Manaka Plek van die Horings</i>	Kontekstuele vraag	14
11. <i>Vatmaar</i>	Opstelvraag	16
OF		
12. <i>Vatmaar</i>	Kontekstuele vraag	16
AFDELING C: DRAMA		
Beantwoord EEN vraag.		
13. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Opstelvraag	18
OF		
14. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Kontekstuele vraag	18
15. <i>Mis</i>	Opstelvraag	20
OF		
16. <i>Mis</i>	Kontekstuele vraag	20

LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C.

KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK ✓
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1 – 4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5 – 6	1	
B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag)	7 – 12	1	
C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag)	13 – 16	1	
LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C.			

AFDELING A: GEDIGTE**VOORGESKREWE GEDIGTE**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Twee kleuters in die Vondelpark – Elisabeth Eybers

- 1 Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
2 'n klein oneindigheid lank hand-in-hand.
- 3 Smetloos geteken dryf die dubbelswaan:
4 gesplete hart van hals en dubbelhals,
5 geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
6 geslote snawel deinserig vervals
7 met eenkant lug en water anderkant.
- 8 Versadig van die roerlose gesig
9 pluk hy – die seuntjie – plotseling haar hand
10 vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
11 as sy nog strompelend omkyk na die swaan.
- 12 Verby die bome druis die straatrumoer.
- 13 Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
14 bromfiets tot motor, sal hy konstateer
15 – die wiel sy ordeteken – dat hy lid
16 is van die kollektiewe Lilliput.
- 17 Maar sý sien webbe onderwater roer.
- 18 Miskien is dit die laaste dag van staar
19 en grondelose verwondering. Wat sou
20 hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
21 'n Saaklike barbaar, 'n fyn sadis,
22 'n doktrinêre Hollandse meneer?
23 En sý 'n druk slagvaardige mevrou
24 met 'n allure van dít-is-soos-dit is?
25 Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

[Uit: *Balans*, 1962]

Bespreek die verskille tussen die twee kleuters deur na die seun en die dogter se reaksie op die situasie te verwys. Skryf 'n opstel van 250 tot 300 woorde.

[10]

OF

VRAAG 2

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Man met flits – DJ Opperman

1 In die klein wit kol
2 van my wete stol

3 bruin en skerp 'n klip
4 soos 'n bok wat skrik,

5 staan, vinnig weghol
6 uit die klein wit kol.

7 Aan 'n takkie hang
8 twee ogies wat bang

9 uit die klein wit skyn
10 van my flits verdwyn.

11 Oor waters wat glip
12 soek ek klip na klip

13 maar 'n duister land
14 bedreig my alkant.

[Uit: *Negester oor Ninevé*, 1947]

- 2.1 Waarom is daar geen lidwoorde in die titel nie? (1)
- 2.2 Verduidelik in EEN sin wat letterlik in die gedig plaasvind. (1)
- 2.3 Haal 'n woord uit strofe 1 aan wat vir jou 'n figuurlike betekenis inlei. (1)
- 2.4 Waarvan sal die flits dan 'n simbool wees? (1)
- 2.5 Verklaar waarom daar so baie kort, eenlettergrepige woorde in die gedig voorkom. (1)
- 2.6 Haal 'n voorbeeld van sinekdogee uit die gedig aan. (1)
- 2.7 Benoem die soort strofes in die gedig. (1)
- 2.8 Wat is die funksie van die enjambemente in die gedig? Noem TWEE funksies. (2)
- 2.9 Dui die progressie in die gedig aan. (1)

[10]

OF

VRAAG 3

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Herinneringe – Koos du Plessis

1 Jou beeld is 'n verflenterde foto
2 in 'n skewe, versplinterde raam
3 en 'n sestal geskommelde letters
4 spel jou tweelettergeregte naam.

5 Jou woorde is dor manuskripte
6 vir die motte bewaar op die rak
7 en ons dae 'n kralesnoer syfers
8 op 'n outydse muuralmanak.

9 Jou oë was die kleur van die aarde,
10 van saffier, van smarag of agaas,
11 en jou stem 'n ontwykende deuntjie
12 gevange in 'n stukkende plaat.

13 vergete is die lag in jou oë
14 of die tranespoor oor jou wang,
15 maar soms in die nanag onthou ek
16 hoe diep ek na jou kon verlang.

17 Want wat ek vir altyd wou vashou,
18 het die tyd uit my hande laat gly
19 en wat ek so graag wou vergeet het,
20 is vir ewig gebalsem in my.

[Uit: *Om jou verlaas te groet*, 1985]

- 3.1 Wie is die aangesprokene in hierdie gedig? (1)
- 3.2 Behalwe die woorde 'verflenterde' en 'versplinterde' watter ander woord in die eerste strofe, dui daarop dat daar min visuele herinneringe aan die persoon oor is? (1)
- 3.3 Benoem die beeldspraak in reël 5 en sê waarna 'Jou woorde' verwys. (2)
- 3.4 'n Metafoor kom in reël 7 voor. Verduidelik in EEN sin hierdie beeldspraak. (1)
- 3.5 Die spreker vergelyk die persoon se oë met die 'aarde, saffier, smarag en agaas' in reël 9 en 10. Wat, omtrent sy herinnering aan die persoon, word deur hierdie woorde gesuggereer? (1)
- 3.6 Verduidelik hoe daar progressie in die eerste twee woorde van strofe 1, 2 en 3 (Jou beeld .../Jou woorde .../Jou oë ...) plaasvind. (2)

- 3.7 Sê in EEN sin wat, volgens die laaste strofe van die gedig, die oorsaak was waarom die spreker se herinneringe so vervaag het? (1)
- 3.8 Verklaar in EEN sin waarom die woorde 'vir ewig' en 'gebalsem' in reël 20 gebruik word. (1)

[10]**OF****VRAAG 4**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Skoppensboer – Eugène N Marais

I

- 1 'n Druppel gal is in die soetste wyn;
2 'n traan op elk' vrolik snaar,
3 in elke lag 'n sug van pyn,
4 in elke roos 'n dowwe blaar.
5 Die een wat deur die nag
6 ons pret beloer
7 en laaste lag
8 is Skoppensboer.

II

- 9 Gewis en seker is die woord:
10 die skatte wat ons opvergaar,
11 ondanks die sterkste slot en koord
12 word net vir mot en roes bewaar.
13 Net pagters ons
14 van stof en dons
15 om oor te voer
16 aan Skoppensboer.

III

- 17 Die heerlijkheid van vlees en bloed;
18 die hare wat die sonlig vang
19 en weergee in 'n goue gloed:
20 die dagbreek op elk' sagte wang
21 en oge vol van sterreprag
22 is weerloos teen sy groter mag.
23 Alreeds begint die rimpel sny;
24 oor alles hou die wurm wag
25 en stof en as is al wat bly:
26 Want swart en droef,
27 die hoogste troef
28 oor ál wat roer,
29 is Skoppensboer.

IV *L'Envoi*

30 Gewis is alles net 'n grap!
31 Ons speel in die komedie mee
32 geblinddoek met 'n lamfer-lap
33 wat selfs die son 'n skadu gee.
34 Wat treur ons tog?
35 Viool en fluit maak nog geluid;
36 en lank die nag wat voorlê nog.
37 Al kan ons nooit volmaaktheid raak,
38 nog blink die oog en gloei die huid
39 wat heel die winter blomtyd maak.
40 Dus onverlee
41 lag ons maar mee
42 met elke toer
43 van Skoppensboer!

[Uit: *Versamelde gedigte*, 1936]

- 4.1 Waarna verwys 'Skoppensboer' op letterlike vlak? (1)
- 4.2 Watter figuurlike betekenis kan aan 'Skoppensboer' geheg word? (1)
- 4.3 Haal 'n woord uit strofe 1 aan wat daarop dui dat Skoppensboer slu is. (1)
- 4.4 Waarop dui die paradoks in reël 1? Skryf jou antwoord in EEN sin neer. (1)
- 4.5 Verklaar die gebruik van die dubbelpunt in reël 9. (1)
- 4.6 Verduidelik die ironie in strofe 2. (2)
- 4.7 Wat word bedoel met 'oor alles hou die wurm wag'? (1)
- 4.8 Tot watter slotsom kom die spreker in die laaste vier reëls van die gedig? (2)
- [10]**

EN

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

VRAAG 5: OPSTELVRAAG**Skryfwerk – Marius Titus**

1 Daar happen soms iets,
2 ennek siennit.
3 Ek skryffit dan neer,
4 ennek miennit.
5 Dan willek jou nie mesmeraais
6 of sonner rede kritisaais.
7 Ek sêrrit plain en hoep maar dat
8 van jille maybe note sal vat.

9 Skryf issie net daar virrie skrander,
10 dis oekkie reg van allie ander.
11 Ouens doodgewoon soes ek,
12 sonner titles, net soes ek.

13 Soe, die beste manier
14 omme taal te bewaar is:
15 Liessit, praattit, skryffit,
16 ontginnit en bedryffit.
17 Net soelank jy my verstaan
18 stap skryf en taal 'n lang pad saam.

[Uit: *oop gemoed*, 1990]

Besin oor die opdrag hieronder en skryf enkele goed gestruktureerde paragrawe van 250 tot 300 woorde in totaal.

Die gedig handel oor taal as kommunikasiemiddel. Bespreek die geldigheid van die stelling deur te verwys na:

- Wie die taal gebruik (2 feite)
- Wat daarmee gedoen kan word (2 feite)
- Hoe dit gedoen word (2 feite)
- Die toekoms van die taal (1 feit)

[10]

OF

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**Skryfwerk – Marius Titus**

1 Daar happen soms iets,
 2 ennek siennit.
 3 Ek skryffit dan neer,
 4 ennek miennit.
 5 Dan willek jou nie mesmeraais
 6 of sonner rede kritisaais.
 7 Ek sêrrit plain en hoep maar dat
 8 van jille maybe note sal vat.

9 Skryf issie net daar virrie skrande,
 10 dis oekkie reg van allie ander.
 11 Ouens doodgewoon soes ek,
 12 sonner titles, net soes ek.

13 Soe, die beste manier
 14 omme taal te bewaar is:
 15 Liessit, praattit, skryffit,
 16 ontginnit en bedryffit.
 17 Net soelank jy my verstaan
 18 stap skryf en taal 'n lang pad saam.

[Uit: *oop gemoed*, 1990]

- 6.1 Die titel van die gedig ontsluit die inhoud. Stem jy saam hiermee? Verduidelik jou antwoord in EEN sin. (2)
- 6.2 Waarom, sê die spreker, skryf hy? (1)
- 6.3 Wie is die 'jou' in reël 5 na wie die spreker verwys? (1)
- 6.4 Met watter probleem worstel die skrywer/digter na aanleiding van reël 7 en 8? (1)
- 6.5 Watter rympatroon kom in strofe 2 voor? (1)
- 6.6 Verduidelik die ironie in reël 11. Noem TWEE aspekte. (2)
- 6.7 Hoe sluit die gebruik van die taalvariant aan by die tema van die gedig? (1)
- 6.8 Waarom kan die laaste twee reëls as die hoogtepunt beskou word? (1)

[10]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Die verhaal, *Die kwart-voor-sewe-lemie*, het heelwat aktuele kwessies. Skryf 'n opstel van 400 – 450 woorde waarin jy oor die aktualiteit besin. Verwys in jou antwoord na die volgende kwessies:

- Feminisme (5 gemotiveerde feite)
- Die huweliksverhouding (5 gemotiveerde feite)
- Rassisme (5 gemotiveerde feite)

[25]**OF****VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG*****DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

1 Lank voor Eduard en Greta uitvind hulle is lief vir mekaar,
2 was ek moeg vir hulle. Die besoeke aan die hospitaal, die besluit
3 oor 'n naam vir die kind (hy kry die familienaam wat
4 nog 'n kraak maak in Eduard se verweer) en die ontplooiing
5 van Eduard se gevoel vir Greta het my lank besig gehou, maar
6 teen die tyd dat hy haar vra om met hom te trou sodat hulle
7 saam vir die erfgenaam 'n tuiste kon bied, was ek uitgekuier
8 met hulle en hulle baba. Ek kon Eduard nie meer duidelik
9 sien nie en het die hele storie uitgegooi en begin rondtas na
10 'n nuwe een.
11 Elsa in die hospitaal, rosig ná die geboorte van Johan,
12 voldaan en selfversekerd in haar nuwe rol as Die Moeder, was
13 die saad waaruit die storie ontkiem het, maar teen die tyd dat
14 die kind twee jaar oud was, kon ek min romanse in die situasie
15 sien. Dat die kleintjie oulik was, het ek nie betwyfel nie,
16 maar dat hy 'n hand vol was wat gelei het tot ergerlikheid en
17 'n rondskuif van verantwoordelikheid, was ewe waar. Ek kon
18 eenvoudig nie sien hoe Eduard en Greta sielvol in mekaar se
19 oë kon kyk terwyl hulle kind die antieke Venesiese glas van
20 die tafel trek of op Greta se skouer opbring omdat hy te veel
21 en te vinnig geëet het nie.
22 Boonop het Kara weer ons vreedsame gesinslewe deurmekaar
23 gemaak. Ek was vier en twintig jaar oud en sy dus dertig
24 toe sy weer van 'n oorsese reis terugkom en aankondig dat sy
25 die man van haar drome ontmoet het.
26 "Hoog tyd," het Johanna gesê. "Sy was aan die uitdroë."
27 Ma, en veral Pa was skepties.

- 8.1 Verwys na Eduard en Greta.
- 8.1.1 Waar het Iris gewerk toe sy die besonderhede van Eduard en Greta se verhouding uitgewerk het? (1)
 - 8.1.2 Waar het Eduard die eerste keer sy opwagting gemaak? (1)
 - 8.1.3 Wat kan jy van Iris se karakter aflei na aanleiding van dié karakters? Noem TWEE feite. (2)
 - 8.1.4 Watter rol vervul Greta in Iris se lewe? (1)
 - 8.1.5 Om watter rede skep Iris die fantasiekarakters? Noem TWEE feite. (2)
- 8.2 Verwys na Elsa.
- 8.2.1 Hoe pas Elsa in die verhaal in? (1)
 - 8.2.2 Waarom kan jy beweer dat sy 'n praktiese persoon is? Noem TWEE feite. (2)
 - 8.2.3 Wanneer openbaar Elsa haar baasspelerigheid teenoor Iris? (1)
 - 8.2.4 Wat doen sy om dit te bewys? (1)
 - 8.2.5 Voor watter krisis kom Elsa later te staan? (1)
- 8.3 Verwys na Kara.
- 8.3.1 Waarom kan daar beweer word dat Kara haar nooit aan konvensies gesteur het nie? Noem TWEE sake. (2)
 - 8.3.2 Wie is die man van haar drome? (1)
 - 8.3.3 Hoekom was haar ouers skepties oor dié man? (1)
 - 8.3.4 Die man slaan toe almal se voete onder hulle uit. Hoekom? Noem TWEE feite. (2)
 - 8.3.5 Hoekom het Kara en die man so goed oor die weg gekom? (1)
- 8.4 Verwys na Johanna.
- 8.4.1 Hoe pas sy by die storie in? (1)
 - 8.4.2 Waarom kan jy beweer dat sy eintlik as familie beskou word? (1)
 - 8.4.3 Waarom kan Johanna as 'n staatsmaker beskou word? (1)
 - 8.4.4 Watter karaktereienskap van Johanna staan vir jou uit? Motiveer jou antwoord in EEN sin. (2)

[25]

VRAAG 9: OPSTELVRAAG**MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse**

In die roman kom talle voorbeelde van uiterlike konflik voor. Gee telkens **TWEE gemotiveerde feite** om dit aan te toon en dui aan of en hoe die konflik opgelos word. Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Verwys in jou antwoord na die volgende kwessies:

- Konflik tussen Baas en Grace
- Konflik tussen Baas en ds. Griesel du Pisani
- Konflik tussen Baas en Riekert
- Konflik tussen Baas en meneer Chisupo
- Konflik tussen Baas en die khuta

[25]**OF****VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG****MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

1	Die bastou breek. Die honde storm. Griesel ruk die slaaphut se deur
2	oop, struikel na binne en klap dit toe.
3	Oor die rivier flits weerlig. Die honde maal besluiteloos rond en gaan
4	soek skuiling aan die windafkant van die stapel planke by die
5	bootstellasie. Oom Scholtzie kom terug van Mubuyu af. Hy bring die
6	paar stukkies vuurmaakhout in wat hy op die houthoop bymekaar kon
7	skraap. Hulle oornagtasse en ander bagasie wat kan natreën, stapel
8	hy ook onder die afdak opmekaar en hang Griesel se grondseiltjie
9	aan die windkant as beskerming teen die dreigende storm.
10	Nanna vat vir Griesel skoon klere en sy tandeborsel. Hy staan op sy
11	knieë langs die bed in die slaaphut. Sy sit die goed versigtig langs hom
12	neer. Op die trommel brand 'n paraffienlampie. Daar is 'n geraamde
13	swart en wit foto van 'n middeljarige man en vrou met 'n jonger man
14	tussen hulle. Aan 'n stuk bastou teen die muur hang 'n portret van 'n
15	bejaarde man met hoë wangbene, 'n gladgeskeerde gesig en
16	dringende oë. Die jong man op die foto lyk baie na die ou man.

10.1 Lees weer reël 1 en 2.

10.1.1 By wie se slaaphut word hier ingebreek? (1)

10.1.2 Waarom is die persoon nie tuis nie? (1)

10.2 Hoekom het Griesel by die slaaphut ingebreek? Gee DRIE redes. (3)

- 10.3 In reël 5 is daar sprake van 'n bootstellasie.
- 10.3.1 Waarom staan die boot op die stellasie? (1)
- 10.3.2 Wat is die eienaar se uiteindelijke doel met die boot? (1)
- 10.4 Oom Scholtzie kom terug van Mubuyu af (reël 5).
- 10.4.1 Wie woon almal op Mubuyu? Noem DRIE karakters. (3)
- 10.4.2 Wat beteken 'Mubuyu'? (1)
- 10.5 Lees weer reël 5 tot 9.
- Hoekom is oom Scholtzie so besig? Noem TWEE feite. (2)
- 10.6 Lees weer reël 10 en 11.
- Daar kom verskeie karakterverskille tussen Nanna en Griesel voor.
- 10.6.1 Gee EEN karaktertrek van elkeen om die verskil tussen Nanna en Griesel uit te lig. (2)
- 10.6.2 Motiveer die karaktertrek in EEN sin. (2)
- 10.7 Van wie is die foto (reël 13)? Gee elkeen se volle naam en dui ook hulle verwantskap met mekaar aan. (3)
- 10.8. Lees weer reël 14 tot 16.
- 10.8.1 Van wie is die portret? (reël 14) (1)
- 10.8.2 Van watter land is hy oorspronklik afkomstig? (1)
- 10.8.3 Wat het hy in Afrika kom doen? (1)
- 10.9 'Die jong man op die foto lyk baie na die ou man.' (reël 16)
- Watter fisiese ooreenkomste is daar tussen hulle? Noem TWEE. (2)
- [25]**

OF

VRAAG 11: OPSTELVRAAG**VATMAAR – AHM Scholtz**

Een van die temas wat in *Vatmaar* aangespreek word, is die kwessie van onskuldige lyding. Evalueer hierdie stelling in 'n opstel van 400 – 450 woorde. Verwys in jou antwoord na die volgende:

- Hoe die betekenis van die titel kontrasteer met die lyding wat mense ervaar (4 gemotiveerde feite)
- Tant Winnie se lyding in die tronk en hoe sy in hierdie tyd sin maak van die vraagstuk oor waar God is wanneer onskuldige mense ly (6 gemotiveerde feite)
- Die lyding van Kaatjie as gevolg van die optrede van mevrou Bosman (5 gemotiveerde feite)

[25]**OF****VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG****VATMAAR – AHM Scholtz**

Lees die onderstaande uittreksel deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

- | | |
|----|--|
| 1 | Dit was meer as 'n maand dat die seuns elke dag na Ta Vuurmaak se cabin |
| 2 | gegaan het vir die storievertellery en om die plek skoon te maak. Elke nag het |
| 3 | twee ander seuns daar geslaap – ná hulle ouers gesê het hulle kan. Sus Bet het |
| 4 | 'n dokter laat roep om na Ta Vuurmaak te kom kyk sodat hy 'n doodsertifikaat kon |
| 5 | uitskryf vir wanneer Ta Vuurmaak ons verlaat. Dit sal dood weens ouderdom |
| 6 | wees, het die dokter gesê en 'n aantekening gemaak. |
| 7 | Oom Chai het die O.H.M.S. Ledger Register by hom gehou. Dis aan hom gegee |
| 8 | deur die Office of Births and Deaths in die Pan. Hy het geteken toe hy die boek |
| 9 | gekry het, want hy moes Vatmaar se geboortes en sterftes opskryf. |
| 10 | Sus Bet wou die lyk laat begrawe voordat dit styf word sodat Ta Vuurmaak die |
| 11 | laaste kon wees om 'n Griekwa-begraving te kry. Want Ta Vuurmaak kon nooit die |
| 12 | Christelike geloof verstaan nie. Hy het toe gesê toe hy 'n seun was, het die oupas |
| 13 | snags om die vuur vir hulle kinders stories vertel oor die witman, stories wat hulle |
| 14 | weer gehoor het toe hulle seuns was. Hulle het vertel toe die witmense die eerste |
| 15 | keer gekom het, het party van die vreemdelinge goed wat ons nie geken het nie |
| 16 | geruil vir ons beeste en skape. En soos by alle nasies, was party van dié mense |
| 17 | goed en party sleg. Die slegtes het diep die veld ingery en sommer net gevat wat |
| 18 | hulle wou sonder om enigiets in ruil te gee. En partykeer het hulle onse mense |
| 19 | doodgemaak en hulle se goed gevat, en wanneer onse mense die goed weer wou |
| 20 | gaan terughaal, het hulle gesê dit is steel en onse mense doodgemaak sodat die |
| 21 | goed hulle s'n kon bly. |
| 22 | Onse voormense het nooit 'n woord vir steel gehad voor die witman gekom het |
| 23 | nie. |

- 12.1 Watter belangrike rol het Ta Vuurmaak in die ontstaan van Vatmaar gespeel? (1)
- 12.2 Hoe het Ta Vuurmaak die geskiedenis van die nedersetting aan die volgende geslagte oorgedra? (1)
- 12.3 Respek vir ander se kultuur is 'n belangrike aspek vir enige gemeenskap.
Hoe het Tant Bet gesorg dat Ta Vuurmaak se kultuur ná sy dood gerespekteer word? (1)
- 12.4 Waarom is die nedersetting juis Vatmaar genoem? Noem TWEE feite. (2)
- 12.5 Bewys dat Vatmaar se mense nie rassisties is nie deur te verwys na Oupa Lewies en Ma Khumalo. (2)
- 12.6 Watter wandade, vertel deur Ta Vuurmaak, is teenoor diensmeisies gepleeg? Noem TWEE. (2)
- 12.7 Ta Vuurmaak was iemand met 'n bogemiddelde intellek.
- 12.7.1 Wat leer hy die seuns omtrent die natuur? Skryf EEN gemotiveerde feit neer. (2)
- 12.7.2 Wat leer hy die seuns oor omgee vir jou medemens? (1)
- 12.8 Hoekom het Roman skuldig oor die dood van Ta Vuurmaak gevoel? Motiveer jou antwoord. (2)
- 12.9 Waarom was daar nie 'n vleisfees ná Ta Vuurmaak se begrafnis nie? (1)
- 12.10 Noem VIER belangrike rolle wat Oom Chai in Vatmaar vervul het. (4)
- 12.11 Verduidelik, in EEN volsin, die stereotipering ten opsigte van witmense wat in die uittreksel gesuggereer word. (2)
- 12.12 12.12.1 Watter soort verteller is in hierdie uittreksel aan die woord? Motiveer jou antwoord. (2)
- 12.12.2 Waarom is hierdie vertelwyse geslaagd? Noem TWEE feite. (2)

[25]**TOTAAL AFDELING B: 25**

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 13: OPSTELVRAAG**KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

Interpreteer en evalueer die gebruik van dramatiese struktuur in *Die Krismis van Map Jacobs* in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

Verwys in jou antwoord na :

- Eksposisie (4 – 5 gemotiveerde feite)
- Motoriese moment (2 – 3 gemotiveerde feite)
- Verwikkeling (2 – 3 gemotiveerde feite)
- Hoogtepunt (2 – 3 gemotiveerde feite)
- Afwikkeling (2 – 3 gemotiveerde feite)
- Slot (2 – 3 gemotiveerde feite)

[25]**OF****VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG****KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

1	MAUD:	Ja, stop wasting water, Cavernelis-darling ...
2	CAVERNELIS:	Hoe sê jy, Maudie?
3	MAUD:	Hy sil die laaste een wees om water te waste! He really
4		wants us out of here, out, out, óút of here, out of this ... bloody
5		township place. Oh, he's a good
6		man, really ... (<i>Skielik bewoë.</i>) Cavernelis-darling ... You're a good
7		man... I know. But you don't stand a bloody chance, man, I tell you,
8		can't you hear? Don't you listen, sê ek vir hom... (<i>Haar lippe bewe.</i>)
9		But why should I worry myself so much?!
10	CAVERNELIS	(<i>kom in</i>): Ek is reg, Maudie.
11	MAUD:	I'm also ready, soes jy sien, Cavernelis-darling. Come give
12		me a kiss, man ... (<i>Sy soen hom.</i>) Jy's ook so besig, jy't ook soveel
13		op jou mind, you even forget to kiss me sometimes when you get
14		home ...
15	CAVERNELIS:	O, ek is jammer, Maudie...
16	MAUD:	'Is all right ... (<i>Sy vee oor haar oë</i>) 'Is all right ...
17	CAVERNELIS:	Is Blanchie uit?
18	MAUD:	Ja.
19	CAVERNELIS:	Ek sal ook maar net eet en ...
20	MAUD	(<i>vlam op</i>): Then off again! Then off again!!

- 14.1 Lees reël 1 en 3.
- 14.1.1 Waarom sê Maud vir Cavernelis om nie water te mors nie as sy goed weet dat hy nie water sal mors nie? (1)
- 14.1.2 Waarom sal Cavernelis die laaste een wees om water te mors? (1)
- 14.2 Waarom wil Cavernelis sy gesin uit die woonbuurt hê? Gee DRIE redes. (3)
- 14.3 'n Bewys dat Cavernelis hulle verblyf in die woonbuurt as tydelik beskou, is die feit dat hulle ...
- A in 'n koshuis bly.
B in 'n huurwoonstel bly.
C in 'n councilhuis bly.
D almal saam bly. (1)
- 14.4 Waarom sê Maud in reël 5 dat Cavernelis 'n goeie man is? Gee TWEE redes. (2)
- 14.5 Watter TWEE werke doen Cavernelis in 'n poging om sy gesin uit die woonbuurt te kry? (2)
- 14.6 Verduidelik hoe Maud se woorde in reël 7 'n profetiese vooruitskouing na die einde van die drama is. Sê hoe elke karakter se kanse verbeur is. Gee TWEE feite by elk.
- 14.6.1 Blanchie
14.6.2 Carvernelis
14.6.3 Maud (6)
- 14.7 Lees weer reël 7 tot 9. Waaroor bekommer Maud haar en waarsku sy Cavernelis? (2)
- 14.8. Lees weer reël 10 en 11. Waarvoor is die Cavernelisse reg? (1)
- 14.9 Lees weer reël 11 tot 15.
- 14.9.1 Met watter verskonings vergewe Maud Cavernelis se afsydigheid? Noem TWEE. (2)
- 14.9.2 Watter verwyt het sy later oor die manier waarop sy behandel word? Noem TWEE. (2)
- 14.10 Lees weer reël 17.
- 14.10.1 Watter tipe werk doen Blanchie? (1)
- 14.10.2 Waarvoor blyk dit 'n dekmantel te wees? (1)

[25]

VRAAG 15: OPSTELVRAAG**MIS – R de Wet**

Interpreteer en evalueer die gebruik van dramatiese struktuur in *Mis* in 'n opstel van 400 tot 450 woorde.

Verwys in jou antwoord na:

- Eksposisie (4 – 5 gemotiveerde feite)
- Motoriese moment (2 – 3 gemotiveerde feite)
- Verwikkeling (2 – 3 gemotiveerde feite)
- Hoogtepunt (2 – 3 gemotiveerde feite)
- Afwikkeling (2 – 3 gemotiveerde feite)
- Slot (2 – 3 gemotiveerde feite)

[25]**OF****VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG****MIS – R de Wet**

Lees die onderstaande uittreksel deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

- | | | |
|----|---------|---|
| 1 | MEISIE: | (<i>vinnig</i>) Ek kyk net na die liggies. |
| 2 | MIEM: | (<i>staan op. Kwaai</i>) Liggies! Jy weet ek het jou verbied! |
| 3 | MEISIE: | Ja, Ma. (<i>Steek die garing deur die naald, gee dit vir MIEM en gaan sit vinnig</i>) |
| 4 | | <i>Die sagte huilwind verdof en verdwyn dan.</i> |
| 5 | MIEM: | (<i>skud haar kop en sug. Gaan sit swaar en begin weer werk. Skielik hard na</i> |
| 6 | | <i>die stilte terwyl sy met 'n vinger na die venster wys</i>) Dit is 'n euwel!! |
| 7 | MEISIE: | (<i>sag</i>) Ja, Ma. |
| 8 | MIEM: | En dan wil jy nog kyk! |
| 9 | MEISIE: | (<i>vinnig</i>) 'skuus, Ma. |
| 10 | MIEM: | Het jy geen skaamte nie? |
| 11 | | <i>MEISIE laat haar kop sak.</i> |
| 12 | MIEM: | Destyds het jou ongehoorsaamheid vir my diep gegrief. Jy onthou seker hoe |
| 13 | | siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet! |
| 14 | MEISIE: | (<i>sag</i>) Ek onthou, Ma. |
| 15 | MIEM: | Dit het my 'n knou gegee! Van toe af voel ek baie erger! |
| 16 | MEISIE: | (<i>wil huil</i>) Ek is jammer, Ma. |
| 17 | MIEM: | En na alles wil jy nog kyk! |
| 18 | | <i>MEISIE huil sag.</i> |
| 19 | MIEM: | Toe nou. Wat verby is, is verby. (<i>Kort stilte</i>). Gaan aan met jou werk. (<i>Skud</i> |
| 20 | | <i>haar kop en sug hard deur haar neus</i>) Ja, die ligsinniges. (<i>Wys weer na die</i> |
| 21 | | <i>venster</i>) En op so 'n aand. Hulle wil mos nie glo nie. Dit sou hulle verdiende |
| 22 | | loon wees as een van hulle dogters vannag die slagoffer is! |
| 23 | | <i>Harde nies op die solder.</i> |

24	MIEM:	<i>(fluister)</i> Ek hoop nie hy word siek nie. Laas lente het hy vir 'n maand lank
25		gehoes. Ek bekommer my tog só. As dit net wil warm word. <i>(Skielik temerig</i>
26		<i>en byna pateties)</i> Soos 'n mens ouer word, word die bloed dun. Elke jaar
27		word dit al swaarder om die winter te verduur.
28		<i>Geluid van 'n ou tjor wat nader kom.</i>
29	MIEM:	En wie sal dit nou wees? Dié tyd van die aand! <i>(Gerusstellend)</i> Toe maar,
30		my kind. Ek sal jou beskerm teen alle gevaar. En as die ergste gebeur, <i>(kyk</i>
31		<i>op, wys na die valdeur)</i> sal hy ons nie in die steek laat nie. <i>(Luister)</i> Daar
32		stop dit nou. Reg voor ons deur.
33	MEISIE:	<i>(bang)</i> Ma!
34	MIEM:	<i>(beweeg na die venster)</i> Bly net kalm, my kind. <i>(Loer)</i> Ek kan niks sien nie.
35	GERTIE:	<i>(hard van buite)</i> Miem! Miem!

- 16.1 Plaas bostaande uittreksel binne konteks van die drama. Noem TWEE feite. (2)
- 16.2 Lees weer reël 1.
- 16.2.1 Waarna verwys 'liggies'? (1)
- 16.2.2 Wat simboliseer die liggies vir Meisie en Miem onderskeidelik? (2)
- 16.3 Waarmee is Meisie en haar ma in die uittreksel besig? (1)
- 16.4 Wat is die werklike rede waarom hulle dít doen? Noem TWEE feite. (2)
- 16.5 Hoe skakel dit waarmee hulle besig is met die betekenis van die titel van die drama? Noem TWEE feite. (2)
- 16.6 'Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!' (reël 12 en 13)
- Watter karaktereienskap van Miem kom duidelik na vore in die bostaande aanhaling? (1)
- 16.7 16.7.1 Watter atmosfeer heers in die uittreksel? (1)
- 16.7.2 Noem TWEE tegnieke wat die skrywer gebruik om die atmosfeer te skep. (2)
- 16.8 Watter karaktereienskap van Miem kom na vore in reël 29 tot 30? Motiveer jou antwoord. (1)
- 16.9 Bring die toneelaanwysings in reël 13 in verband met die dramatitel. (2)
- 16.10 Miems sê in reël 31 dat Gabriël hulle nie in die steek sal laat nie. Haar vertrouwe in haar man is ongegrond. Bewys dié stelling. (1)
- 16.11 Wat is die werklike rede waarom Meisie se pa reeds vir sewe jaar in die solder bly? (1)

- 16.12 Wat is die rede waarom Gertie vir Miem besoek en wat is die verwantskap tussen hulle? (2)
- 16.13 In die uittreksel openbaar Miem besorgdheid teenoor Meisie. Noem 'n voorbeeld uit die drama waar sy die teenoorgestelde doen. Verwys na TWEE aspekte. (2)
- 16.14 Een van die temas van die drama is beswering.
- 16.14.1 Watter karakter in die uittreksel simboliseer by uitstek dié tema? (1)
- 16.14.2 Verduidelik in EEN volsin hoe haar optrede teenoor Meisie by dié tema aansluit. (1)
- [25]
- TOTAAL AFDELING C: 25**
GROOTTOTAAL: 80